STRUBENVALE PRIMARY SCHOOL

afrikaans

GRADE 6– TERM 3 / 2020

Dag 1 skryf en

Skryf n paragraaf om n mening uit te spreek oor daga .

Is daga goed vir jou?

Dink jy mense moet dit rook?

Dink jy mense mag dit koop by eeninge person?

`skryf 4 tot 5 sinne.

-kies toepaslike inligting

-lewer eie menining

Dag 2

Lees en kyk

Gaan kry nafrikaanse boek by die huis en lees dit vir 30 min.

Dag 3

Taalstrukture en konvensie

Skryf die volgende oor in jou boek

selfstandige naamwoord

Die **selfstandige naamwoord** of **saakwoord** (*weinig gebruiklik*) is 'n woordsoort of frase wat verwys na 'n persoon, plek, ding, gebeurtenis, voorwerp of eienskap.

Dit word meestal gekenmerk deurdat hulle in meervoude omgesit kan word deur die byvoeging van 'n agtervoegsel en in sekere gevalle dat hulle 'n geslag kan aandui. Die beste manier om 'n selfstandige naamwoord te identifiseer is om te onthou dat dit meestal iets fisies aandui bv. 'n baksteen. Slegs selfstandige naamwoorde kan in die meervoud geskryf word.

Die maklikste metode wat op skool geleer word om 'n selfstandige naamwoord uit te ken is as volg: As jy 'n lidwoord (m.a.w.) **Die** of '**n** voor die woord kan sit, dan is dit 'n selfstandige naamwoord.

Daar is 5 soorte selfstandige naamwoorde:

1. Eiename: name van plekke en mense, dit word altyd met 'n hoofletter geskryf bv. Pretoria, Johannesburg, Pieter van der Merwe.
2. Versamelname: Dit dui 'n groep soortname aan, bv, 'n *swerm* bye, 'n skool visse.
3. Stofname: Name van elemente en stowwe, Bv. goud, koper, lood.
4. Soortname: name van soorte en dinge, bv. honde, katte, skape, tafel, eetlepel.
5. Abstrakte selfstandige-naamwoorde: name wat dinge beskryf wat ons nie met die blote oog kan sien nie, maar nog steeds 'n lidwoord voor aan kan voeg (o.a. emosies), bv. liefde, haat, ens.

Byvoeglike naamwoord

Byvoeglike naamwoord VERDUIDELIK DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

VOORDBEELD

1. **SLAAPKAMER= SLORDIGE SLAAPKAMER**
2. **BADKAMER = MOOI BADKAMER**
3. **SITKAMER = NETJIESE SITKAMER**
4. **KOMBUIS = PRAGTIGE KOMBUIS.**

n **Byvoeglike naamwoord** is 'n woord wat behoort aan 'n klas waarvan die lede selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde aanpas. Byvoeglike naamwoorde kan in kategorieë ingedeel word:[2]

- **Stoflike byvoeglike naamwoorde**: Hulle dui die materiaal aan, soos 'n houte burg, 'n ystere brug.
- **Vormaanduidende byvoeglike naamwoorde**: Hulle sê iets oor die vorm van 'n byvoeglike naamwoord, soos rond, vierkantig, klein, groot.
- **Kleuraanduidende byvoeglike naamwoorde**: Hulle dui die kleur van 'n voorwerp aan, soos rooi of blou.
- **Oordeelgewende byvoeglike naamwoorde**: Hulle dui 'n oordeel oor die selfstandige naamwoord, soos mooi of lelik aan.

Dag 4 en 5

Begripslees

Lees die onderstaande leestuk aandagtig deur en beantwoord daarna die vrae wat volg.

Agter die masker van die boelies

1 ‘n Mens leer hulle al van jou kleintyd af ken, en jou eerste ontmoeting met ‘n boelie is gewoonlik glad nie lekker nie. Wanneer jy eers met ‘n boelie kennis gemaak het, kom jy gou agter dat hulle nie skaars is nie, inteendeel hulle is amper ‘n plaag in die samelewing want jy kry hulle onder die kleinste groepies mense – miskien is daar selfs een in jou familie of tussen jou vriende.

2 Boelies is ook nie net beperk tot kinders of jongmense nie, inteendeel daar sit baie boelies agter groot lessenaars in groot besighede, trouens ‘n mens kry hulle in alle beroepe en op enige plek. Boelies verander nie hulle taktiek nie, maar net hulle tegniek, wanneer hulle ouer word. Wanneer hulle klein is, gebruik hulle gewoonlik fisiese geweld om ander mense bang te maak en om hulle wil op ander mense af te dwing. Wanneer

hulle ouer word, verruil hulle fisiese geweld vir woorde en dreigemente waarmee hulle ander mense wil intimideer en manipuleer.

3 Niemand hou van boelies nie, dog hulle floreer in ons samelewing tussen ander mense. ‘n Mens kan nie help om te wonder wie of wat die boelies is nie en waarom iemand ‘n boelie is nie. Almal weet boelies wil altyd in ‘n posisie van mag wees; hulle wil ander mense hiet en gebied; hulle wil ander mense se goed hê, soos speelgoed, kos, vriende of vriendinne en hulle gee nie om hoe hulle dit in die hande kry nie.

4 Volgens navorsing wat deur sielkundiges by skole gedoen is, is die boelie in werklikheid ‘n baie gefrusteerde persoon wat niks van himself hou nie en ‘n lae selfbeeld asook ‘n groot minderwaardigheidskompleks het.

5 Hulle is jaloers op ander mense en glo dat ander mense dink hulle is dom of lelik. Die boelies se teikens is gewoonlik iemand wat kleiner of jonger as hulleself is, want dan is die kanse min dat die mense al opstaan en terugbaklei vir hulle regte.

6 In baie gevalle is die boelie ‘n slagoffer wat onder die slegte behandeling van broers, ouers of ander boelies moes deurloop. Hulle het dus geleer dat dit die manier is waarop ‘n mens kry wat jy wil hê en daarom doen hulle dieselfde dinge. ‘n Mens kan dus sê dat die boelie in werklikheid maar net ‘n produk van sy samelewing en sy opvoeding is.

VRAE

1.1. Volgens paragraaf een kry ‘n mens orals in die samelewing boelies. Noem die drie groepe waarvan hulle praat. (3)

_____

_____

_____

1.2. Volgens paragraaf twee kry ‘n mens orals boelies. Noem vier plekke/ mense waar boelies voorkom in die hedendaagse lewe. (4)

_____

_____

_____

1.3. Noem drie goed wat die boelies altyd wil hê. (3)

_____

_____

_____

1.4. Wie is gewoonlik die teikens van die boelies? (2)

_____

_____

1.5. Watter verskillende metodes gebruik die boelies om te kry wat hulle wil hê?(3)

_____

_____

_____

SUBTOTAAL: 15

TAALLEER

2. Watter ander TWEE APARTE woorde in paragraaf 1 beteken min of meer dieselfde as ontmoeting. (2)

_____

_____

3. Onderstreep die korrekte antwoord: (1)

Die woord plaag beteken dat daar (baie / min) boelies is.

4. Gee ‘n ander woord vir nie mooi nie in paragraaf 5. (1)

_____

5. Voltooi die sinne. Gee die **verkleinwoorde** van die woord tussen hakies. (1 x 3)

In jou ma se foto-albums sal jy beslis ‘n foto kry van jou as ‘n KLEIN **(seun)**

_____ of (dogter) _____ met ‘n KLEIN **(krul)**

_____op jou kop.

6. Skryf die **meervoud** neer van die volgende woorde. (1 x 4)

6.1. Slagoffer _____

6.2. Persoon _____

6.3. Goed _____

6.4. Produk _____

7. Gebruik **die trappe van vergelyking** van *lelik* in ‘n sin. (1 x 2)

_____

_____

8. Gee die **manlike - en vroulike** vorms van die volgende woorde. (1 x 2)

Manlik	**Vroulik**
Broer	
	Vriendinne

9. Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies.

9.1. Jy probeer in ‘n groep bly. Die boelie pik op jou. (as) (1)

_____

_____

9.2. Die boelies het altyd my kos gevat. Ek eet alles voor pouse in die klas. (daarom)

(1)

_____

_____

10. Skryf die volgende sinne oor in die **negatiewe vorm.**

10.1. Iemand het die boelie na die hoof geneem (1)

_____

_____

10.2. Iets moet gedoen word aan die boelies in die skool. (2)

_____

_____

11. Skryf die volgende sinne neer in die indirekte rede.

11.1. Japie sê vir ma: “Hoekom lyk jy so moeg? (1)

_____

_____

11.2. Japie sê: “Die monster wil my vannag vang. (1)

_____

_____

12. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm

12.1. Die kat eet die muis. (1)

_____

12,2. Die leeu jag die groot koedoe. (1)

_____

_____

13. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies. (1 x 2)

13.1. Die stiefsussies was twee (lelik) _____ sussies met (yslik) _____neuse.

14. Onderstreep die korrekte word. (1 x 2)

14.1. Hy sê die CD's is (hom s'n / syne), want hy het dit met (hom / sy) geld gekoop.

15. Onderstreep die bywoord in die volgende sinne..

15.1. Sy glimlag liefies vir die ou. (1)

15.2. Sy skaats vining oor die ys. (1)

16. Skryf die getalle tussen hakies in woorde.

16.1. Ek is die (2) _____ oudste kind in ons familie. (1)

16.2. Daar is (365) _____ dae in 'n jaar. (1)

17. Onderstreep die regte voorsetsel in die sin.

17.1. Hy hou (van dit / daarvan) om eerste by die skool te wees. (1)

17.2. Sy skoene is altyd skoon. Daar is nooit modder (by / aan sy skoene nie. (1)

17.3. Hy loop eerste (binne / by) die klas se deur in. (1)

SUBTOTAAL: 35